**Les 11 DIE HERE VERHEERLIK ONS: HY NOEM ONS ALTYD NET SY KINDERS**

**1. Hersiening**

Verlede keer het ons gesien dat God ons nooit sal aankla of veroordeel vir ons sondes nie. Hierdie praat-gedeelte om iemand te straf, vat die Here heeltemal weg. Hy dra ons oordeel sodat ons nooit veroordeel word nie. Die Here word nooit vir ons só kwaad dat Hy ons aankla en ons ons sondes vir Hom moet verduidelik nie. Die Here word nooit só kwaad dat Hy ons veroordeel vir die sondes wat ons doen nie.

**2. Die Here verheerlik ons: Hy noem ons Sy kinders**

Kom ons lees uit die Bybel saam, uit Romeine hoofstuk 8 en 1 Joh.3: *"15 Die Gees wat julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16 Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. 17 En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid. 1 Joh 3: "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook."*

Kom ons lees weer die laaste vers van Romeine saam: *"Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid."* Die eerste deel van hierdie vers beteken: die deler is so goed soos die steler: Jesus word veroordeel en Hy word aangekla, omdat Hy ons sondes met ons deel. Vandag gaan ons na die tweede deel van hierdie vers kyk: dit sê ons sal deel hê aan die heerlikheid van Jesus. Kyk hoe sê Johannes hoe verheerlik die Here ons: "*Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook."*

**3. Mense kry name vir wat hulle verkeerd doen**

Wat word iemand genoem wat ander kinders by die skool se goed uit hulle tasse steel? So iemand word 'n dief genoem!— Wat word iemand genoem wat sommer sleg van sy pa en ma praat omdat hy nie lus is om na hulle te luister nie? So 'n'n kind word 'n ongehoorsame en slegte kind genoem.

Wat word iemand genoem wat altyd sommer jok en grootpraat? So iemand word 'n leuenaar genoem. Wat word iemand genoem wat daarvan hou om ander mense sleg te sê, hulle lelike name te noem en hulle seer te maak? So iemand word 'n boelie, dit is 'n geweldenaar, genoem. Die Bybel noem so iemand 'n moordenaar, omdat hy klaar in sy hart 'n moordenaar is, al het hy nog nie iemand doodgemaak nie.

Wat word iemand genoem wat prente van kaal mense op selfone of die TV wil kyk? So iemand word 'n pervert genoem en die Bybel noem so iemand 'n egbreker.

**4. Die Here noem ons Sy kinders**

Wat noem die Here kinders wat steel? Wat noem die Here kinders wat slegpraat van hulle ouers? Wat noem die Here kinders wat sommer jok en grootpraat? Of ander kinders slegsê of na prente van kaal mense kyk?

Kyk weer wat sê die apostel Johannes wat noem God sulke kinders: *"Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie."* Dit is die groot geheim wat julle in hierdie vers moet raaksien: die Here noem kinders wat al hierdie verkeerde dinge doen – Sý kinders.

Dit beteken die Here sal jou nooit Sy dief noem nie. Die Here noem nie Sy kinders diewe as hulle steel nie. Die Here noem nie Sy kinders wat van hulle ouers slegdink of slegpraat, Sy slegte kinders nie. Hy noem sulke kinders nog steeds net Sy kinders. Die Here noem Sy kinders wat jok ook nie Sy liegbekke nie. Kinders wat jok noem die Here ook net Sý kinders. Die Here noem kinders wat na prente van kaal mense gekyk het ook nie Sy perverte kinders nie. Hy noem hulle net Sý kinders.

Julle kan nooit iets anders wees as net die kinders van die Here nie. Julle kan nooit die Here se ongehoorsame, slegte, perverte, liegbek- of dief-kinders genoem word nie. Want die Here noem julle altyd net Sy kinders, maak nie saak wat julle doen nie.

**5. Die Here verheerlik ons**

Wat maak die Here as Hy ons nooit slegte name gee vir al die slegte dinge wat ons doen nie? Hy veroordeel ons nie. Want Hy is in ons plek veroordeel! Jesus is al die slegte name genoem wat ons genoem moes word, toe die Jode gesê het Hy is 'n misdadiger wat God se wet oortree het. Hiermee het God al die slegte name wat ons genoem moes word vir alles wat ons verkeerd doen – vir Sy Seun Jesus gegee.

Die deler is so goed soos die steler: Jesus kry al die name van al die slegte goed wat ons doen. Hy word die dief, die moordenaar, die leuenaar, die pervert en die slegte mens genoem. Alles wat God óns moes genoem het.

God noem ons altyd net " my kind".

Hoekom maak die Here so met ons? Dink julle Hy weet nie watter slegte goed doen ons nie? Dink julle die Here praat alles goed wat ons verkeerd doen? Die Here is nooit soos ouers wat sommer maklik vir ander mense sê: "My kind sal nooit so iets doen nie!" En dan weet jy diep in jou hart maar jou pa en ma is verkeerd, want jy dóén sulke goed! Die Here is nie soos sulke ouers nie. Hy wéét ons doen sonde en praat dit nie weg nie.

Maar al doen jy al hierdie verkeerde goed en al weet die Here van alles – sal die Here jou nooit name noem wat pas by al die verkeerde goed wat jy doen nie. Hy noem jou altyd net "my kind".

Want dít is hoe die Here jou verheerlik.

Kom ons kyk weer na die vers in 1 Joh. En dan sê julle hoekom noem God jou altyd net Sy kind, nooit Sy slegte kind, Sy vuilbek-kind, Sy liegbek-kind, Sy perverte– kind, Sy ongehoorsame kind of Sy dief-kind nie!– *"Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie."*

Want dit is hoe die groot liefde van die Here werk. Hy het jou só lief, dat al doen jy ál hierdie verkeerde dinge – Hy jou altyd "my kind" sal noem. Want dit is mos liefde. In die Here se liefde is en bly jy altyd net Sy kind. Maak nie saak wat jy doen nie.

**6. Want ons deel in die heerlikheid van Jesus**

Die Here het iets baie spesiaal gedoen sodat Hy jou nooit iets anders as Sy kind hoef te noem nie. Wie is Jesus? Jesus is die Seun van God die Vader. En ons word ingesluit en deel alles wat Jesus vir Sy Vader is.

Kyk nou mooi hoe werk God se groot liefde. God se groot liefde sluit jou binne-in Jesus in sodat jy alles kan deel wat Jesus vir God is. Net so deel Hy weer al jou sondes met jou. En as Hy die Seun van God is wie die Vader liefhet en jy word ingesluit in die liefde wat die Vader vir Sy Seun het – wat noem God jou dan? Dan noem Hy jou "my kind"! Hy noem ons altyd– Sy kinders omdat ons ingesluit is in Sy Seun en die liefde deel wat God die Vader vir Sy Seun– het.

Dit is wat "verheerlik" beteken: ons kry die liefde wat die Vader vir Sy Seun het. Omdat ons ingesluit is in Jesus en alles met Hom deel.

**7. Ons kan glo in God se groot liefde**

God het ons só lief dat Hy ons altyd net Sy kinders noem, maak nie saak wat ons doen nie. God doen dit deur ons in te sluit in alles wat Jesus, Sy Seun, is. Ons kry die eer dat ons God se kinders is en God ons só liefhet en só noem, omdat ons ingesluit is in die eer van Jesus en die eer wat Jesus by Sy Vader kry.

Jy mag God vertrou!

"Vertrou" beteken dat jy diep in jou hart mag weet wat God jou gaan noem as jy verkeerde dinge doen – jy mag weet dat die Here jou nét Sy kind sal noem en niks anders nie. Want dít is hoe lief Hy vir jou is.

“Vertrou” beteken jy mag daarop staatmaak. Dit is waar. Wanneer jy na die Here toe gaan en bid – sal Hy jou altyd nét “My kind” noem – dit is hoe lief Hy jou het. God noem ons nooit name wat pas by al die verkeerde goed wat ons doen nie.— Hy veroordeel ons nie. Hy verheerlik ons – want ons deel in die veroordeling en heerlikheid van Jesus.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het

___________________________________Handtekening: ouer of voog